
© Die Oratorium Uitgewery

# St. Gotthard van Hildesheim
## 4 Mei

(961-1038)

Hy is in Beiere gebore en tree in by die Benediktynse abdy van Niederaltaich waar hy in 996 tot ab verkies word. Hy was 'n ywerige hervormer en voorstander van die vernuwing van die Benediktynse kloosterlewe wat in Cluny begin is. Vir hom was die noukeurige navolging van die kloosterreël die beste weg na die hemel. Hy hervorm ook die belangrike abdye van Tegernsee en Hersfeld en in 1022 oorreed keiser Hendrik II hom om die benoeming tot biskop van Hildesheim te aanvaar. Hy was 'n diep geestelike mens, begaafde administrateur en hooggeleerde persoon wat alles in diens van die Evangelie gestel het. Die bekende St. Gotthard-pas deur die Alpe is na hom vernoem.